HOËRSKOOL WITTEBERG HIGH SCHOOL

DIE WITFLITZ

witflitz@witteberghs.co.za I 058303 5271 UITGAWE 8

TOTSIENS MNR. HANNES OOSTHUIZEN

Petroné Goosen

Na 'n merkwaardige kolfbeurt van 16 jaar neem Witteberg afskeid van ons skoolhoof, Meneer Hannes Oosthuizen. Hy is in 2020 in die posisie aangestel, maar sy band met Witteberg is veel sterker en baie dieper—hy was self 'n trotse Witteberger tydens sy hoërskooljare.

In hierdie tyd het hy 'n onmisbare deel van die skool se groei en vooruitgang geword. Onder sy leiding het talle projekte, verbeterings en tradisies nuwe lewe gekry. Sy passie vir onderwys, sy geloof in elke leerder se potensiaal en sy lojale betrokkenheid by die skoolgemeenskap het 'n nalatenskap geskep wat nog lank sal voortleef.

Ek het 'n onderhoud met Meneer Hannes gevoer. Miskien lees jy vandag iets hier wat jy nie voorheen geweet het nie.

Wat was Meneer se gunsteling gebeurtenis en/of herinnering van hoërskool?
"Daar is heelwat. Maar om elke dag as 'n skool in die teenwoordigheid van die Allerhoogste te kon begin, troef alles."

Was daar 'n tradisie by Witteberg toe Meneer op skool was, wat Meneer weer sou wou terugbring?
"Ons het voor elke naweek se sport die eerstespanne aan die skool bekend gestel. Dit was tydrowend, maar bitter lekker vir die kinders."

Wat is Meneer se gunsteling tradisie huidiglik by Witteberg?
"Die korrespondentbriewe."

Wat was Meneer se mees 'embarrassing' oomblik by Witteberg?
"Ek het lank terug 'n groot bohaai opgeskop oor die boulmasjien van die skool wat gesteel is, net om toe te besef dat ek dit op 'n ander plek toegesluit het."

As Meneer Witteberg se 'maskot' was, wie of wat sou Meneer wees?
"Ek het eintlik grootgeword met Bloukoos en kan myself nie 'n ander een by Witteberg voorstel nie."

Sou Meneer iets wou oordoen, en sou Meneer dit anders doen?
"Daar was baie foute, maar hoe leer 'n mens anders? Alles was 'n belewenis, en my optrede sou nie opreg wees indien ek iets moes herhaal nie."

Het Meneer al gedroom om by Voortrekker te wees—was dit 'n nagmerrie?
"Geensins nie. Ek het al wel baie gedroom dat ek en een van my beste vriende wat by Voortrekker werk, Mnr. Jakkals Scheepers, saam werk. Ek dink dit sou aangenaam wees."

Wie is Meneer se rolmodel en hoekom?
"Hansie Cronjé. Hy het my geleer dat jy foute kan maak en dit net opreg moet erken. Hy was ook 'n leier en mentor vir ander."

As Meneer 'n superheld vir Witteberg moes kies, watter superkragte sou hy hê?
"Om altyd die vermoë te hê om tussen reg en verkeerd te kan onderskei."

As geld onbeperk was, wat sou Meneer se droom vir Witteberg wees?
"Om onderwysers, personeel en werkers werklik volgens markwaarde te kon vergoed vir die werk wat hulle doen en daardeur ook hul werkslas te verminder. Hulle is die fondasies waarop vele drome gebou word."

Sy vertrek laat 'n groot leemte. Witteberg sal hom onthou as 'n toegewyde leier, mentor en oud-leerling wat met trots Witteberg onder sy vlerk geneem het. Die hele skoolgemeenskap wens hom voorspoed toe met sy volgende hoofstuk.

REDAKTRISE 2025

Liewe Bloubloed-Witteberger,

Wat 'n jaar! 2025 het verby gevlieg!

Dit voel asof ons net nou die dag die nuwe jaar aangepak het, vol nuwe voornemens en drome vir die jaar wat voorlê – en nou sit ons reeds aan die einde van hierdie onvergeetlike reis om die son. 2025 het vir ons elkeen unieke uitdagings en spesiale opwindings gebring. Ons het nuwe vriende gemaak, ons grense verskuif en saam herinneringe geskep wat vir altyd in ons harte gaan bly.

By die Witflitz het ons ook hard gewerk om albei uitgawes interessant, professioneel en vol skoolgees te maak. Van sporthoogtepunte tot kultuurgeleenthede, van leerderprestasie tot prettige samesyn – elke bladsy vertel 'n deel van wie ons as Wittebergers is. Baie dankie aan almal wat bygedra het: elkeen op my redaksiespan en onder die stille leiding van Juffrou Charné.

Terwyl ons nou vorentoe kyk, weet ons dat 'n nuwe jaar nuwe avonture, nuwe verantwoordelikhede en nuwe geleenthede bring. Mag ons almal met trots terugkyk op wat ons bereik het, en met moed uitstap vir wat wag. Alhoewel ons hartseer afskeid neem van Mnr. Hannes, is dit nou elke Witteberger se verantwoordelikheid om voort te bou op die stewige fondasie wat deur hom gelê is, sodat ons, ons nuwe skoolhoof met ware Witteberg-trots en gees kan verwelkom.

Geniet die vakansie en sien julle almal in 2026.

Vriendelike groete,
Petroné Goosen
Redaktrise

REDAKTRISE 2025

Meet the Team

ME. CHARNÉ DREYER

ELMÉ SWANEPOEL

JHANA WEIDEMAN

HYLET UNGERER

KERYN WOODAGE

ANDISIWE NGQABUKWENI

MASEEHA SIVIA

LUCILLE SNYMAN

ABIGAIL GANTER

ISABEL VAN DEVENTER

RIGARDT STRYDOM

HELENE-MARI STRYDOM

AMÉ POTGIETER

TRIA-MARI STRYDOM

JANÉ JANSE VAN RENSBURG

SKOOLHOOF VERSLAG

Baie dankie vir die geleentheid om u kortliks te mag toespreek. It really is wonderful to be able to host you all tonight and to showcase the work and effort of our learners. It is astonishing that the past year has gone by so quickly.

- Aan al ons leerders wat vanaand erkenning ontvang vir die prestasies behaal in 2025 – Dit is welverdiend! Geluk.
- May tonight be special to you all and may the award you receive tonight remind you that hard work always pays off.
- Aan ons personeel – Geen taak was vir u te groot nie. U werksetiek en omgee vir ons leerders is ongekend. Geluk met die eindprodukte van u harde werk. Mag u ook vanaand trots wees op dit wat u leerders bereik het.

If one is to reflect on the past year, it should be done with gratitude and grace. It was a blessing and at times a revelation. We made memories and crossed boundaries. We at stages reached milestones and sometimes fell back a few steps. But during each of these times, our Father in Heaven watched over us. We are forever in his debt.

Dames en here…
Die onderwyslandskap het die afgelope jaar geweldig verander. Nie net het wetswysigings en kostedruk die uitgang van ons departement verander nie, maar skole se beheerliggame was genoodsaak om al hoe meer verantwoordelikhede op te neem om die kwaliteit van onderwys te verseker. Ek lig vanaand my hoed vir ons SBL wat ure spandeer het om ontwikkeling en kwaliteit by Witteberg te verseker en kliphard daarvoor gewerk het.

Onderwys as beroep bly 'n voorreg. Veral gegewe die feit dat ons snel veranderende wereld ons in alle aspekte meet en meestal te lig bevind. Hoewel prestasie trofees en rande laat inrol is dit nie noodwendig waarop die bestaan van akademiese instellings gebou moet word nie. Hier by Witteberg is dit wonderlik as ons ligas wen en met toekennings huiswaarts reis.
Maar mag ek u vanaand weer herinner aan die doel van opvoeding: Om gesonde, gebalanseerde jongmense die toekoms in te stuur wat met kennis en vaardigheid in 'n gemeenskap met sosiale verskille moet oorleef. Jongmense wat kan planne maak en dink sonder om eie geregtig of dominerend te wees teenoor hul medemens.

Society currently works effortlessly to force us all to be the same and act the same. But our daily job as teachers is to bring out the best in everyone. And only when we respect the differences in abilities and skill do we achieve optimally for all.

Learners get taught on a daily basis that we are different and that respect and honesty goes a long way in finding solutions to problems. Leerders weet dat daar soms meer van hul verwag word as die normale, bloot omdat die lewe buite, soms meer gaan verwag.

Dit is ook met dankbaarheid dat ek vanaand erkenning kan gee aan ons personeelkorps asook aan ons beheerliggaam wat die afgelope jaar aan't stuur was van baie verbeterings aan ons skool se infrastruktuur en ook hul eie tyd afgestaan het om ons skool te dien op vele terreine. U is waarlik die fondasie waarop die Witteberg manier gerugsteun word.

Dit was wonderlik om hierdie jaar te kon beleef hoe ons skool se getalle groei. Met dank aan ons BL het ons begin werk aan 'n verdere vergroting van ons koshuis, die keer aan ons seunskant. Ons het 'n nuwe trapreeling ingewy by die nuwe gebou en u sien self watter reuse verskil ons saaluitbreiding maak.
The financial committee also approved the introduction of a full time camera system in each class in 2026 in order to ensure transparency and safety on a daily basis. We also extended our deck at the clubhouse and already have plans in place to further improve functionality by building a new staircase at our old building. We increased the number of agricultural produce in our tunnel and have partnered with more agriucultural firms in order to extend our exposure in this field to benefit our learners.
Gedurende die afgelope kwartaal is ons ook ingelig dat ons hierdie jaar weer as nasionale merksentrum gekies is vir NSS vraestelle wat veronderstel dat ons volle skool reeds eerskomende Maandag met ons finale eksamen begin vir graad 8 en 9. Ek glo u weet reeds dat ons graad 10 tot 11 leerders reeds met van hul finale assessering begin het. Ons graad 12 leerders het ook vanoggend met hul finale NSS eksamens begin en ons sien met opgewondenheid uit na hul poging. Sterkte aan al ons leerders wat binnekort hiervoor aantree.

Ek brei graag kortliks uit op van die jaar se hoogtepunte en herinneringe:

- Die inname van 187 graad 8 leerders, die grootste in ons geskiedenis. (6 klasse)
-'n Suksesvolle atletiekseisoen asook n geslaagde toer na George
-'n Fantastiese en puik skool musiekspel onder leiding van mev Ronelle van Heerden
- Soms moet mens oor die toekoms dink.
-Wintersportherinneringe en toere na amper alle provinsies in ons land. Kimberley was lanklaas so ver.
-Die aanbied van die ATKV 2de rondte en

Vrystaat Redenaars Finaal met vele leerders wat deurding na die Landsfinaal in beide debat en redenaars.

- Om as algehele wenner gekroon te word in die ATKV Junior debat afdeling
- Die Tienertoneel groep wat 'n 1ste plek behaal het in ATKV Durban streeksfinaal
- Die aanbied van 'n fenominale opedag en klasdrafaand
- 'n Onvergeetlike Derby wat ons Wittebergharte warm laat klop het. Bethlehem is inderdaan potblou
- Om vir die eerste keer in ons geskiedenis die o19A Griffons Rugbyliga te kon verower.
- Netbalspanne se deelname aan die Fast Five nasionale finaal
- Vakansieweke midde in besige kwartale.
- Ons Koor wat binnekort deelneem aan die FAK Allegretto koorfees in Johannesburg - U het hul pragtige sang vanaand gehoor.
- Assembly that starts with scripture reading and prayer every morning.
- An academic information evening where feedback was given to our grade 9 learners and parents regarding subject choices and the results of their aptitude tests.
- New tennis courts and improvements made to our cricket facilities
- Sokkies en sosiale funksies, reunies.
- Youth weeks and career days
- Saalperiodes met personeelkonserte olv mnr Cassie Carstens
- Ons eie sporttoernooi en proewewedstryde
- Olimpiades en Kompetisies
- Optredes, sangsessies en oefeninge in die hitte van Bethlehem
- en 'n Korrespondent wat steeds onbekend is.
- Mnr en Mej Witteberg funksie
- Matrc fairwell, fashion parade en ons matrieks se laaste dag
- Ek weet ook nou hoe koud die visdam is.
- Die immergewilde Gaansgames
- Bokvrydae, Massabank en Geesvang
- Fliekaande, Marshmellowbraai in die koshuis en laataand sangsessies sodat die hele dorp ons kan hoor.
- Ons het personeel gegroet en ook nuwe lede verwelkom
- Ons het geval maar ook opgestaan.
- Ons het gehuil maar soms ook van blydskap
- Ons het ook geleer, misluk, weer geleer, probeer en aangehou.

Die afgelope jaar was vir ons 'n ongelooflike ervaring en ons ag onsself bevoorreg om met u kinders te mag werk. Mag u altyd saam met ons werk om u kind bloot te stel aan 'n omgewing waar edele en opregte werk die belangrikste beginsels bly.

Aan elke Witteberg leerder en ouer vanaand teenwoordig…

Dankie dat jul my vertrou het met jul harte. Dankie dat jul my lewe verryk het en saam met my geglo het in die onmoontlike. Julle is Witteberg en het my vlerke gegee en elke dag die moeite werd gemaak. By hierdie plek het ek eenvoud en grootsheid ervaar.
Dit het my geleer dat ons almal vol foute is en dat die lewe 'n leerproses is. This place taught me that a smile can brighten up a tough day and that there is good in all of us.
Hierdie plek is waardig en sal nog lank na ons bestaan. Dit het ruim aan my uitgedeel en die voorreg gegee om dit vooruit te bedien…

Lukas Maree was reg…
Dit is die goeters wat mens weggee wat jou ryk maak. En dit is daarmee wat jy mense om jou raak. Mag jul harte volbly van die liefde wat hierdie skool my geleer het. En mag jul dit gaan uitdeel soos die weduwee se kruik.
Ek groet jul ook vanaand as skoolhoof en wens hierdie pragskool net die mooiste toe… Dit was 'n eer om te kon dien as leier en deel van hierdie instelling te kon wees.
To our Heavenly Father…Thank you for the blessings that you have bestowed upon our school and for your guidance and mercy. Dankie dat ons in nederige erkenning vanaand na U mag opkyk.

Dames en here…
Sit nou terug en wees saam met ons opgewonde en dankbaar oor elke kind se prestasie.

Dankie

KULTUUR

CHOIR

Andisiwe Ngqabukweni

Witteberg's school choir in 2025 has cemented its dominance in South Africa by achieving the title of National Choir Winners 2025!

On 28 August, Witteberg's choir participated in the Allegretto Interprovincial Eisteddfod and received an A+++, which is exceptional! On 2 November 2025, the school choir again participated in the Allegretto Interprovincial Eisteddfod and was proudly named Overall National Winners in the choir section.

Witteberg High School's choir continues to raise the school's profile and pride. Congratulations to every learner, and especially to Ms. Christa Groenewald and Ms. Bernette Erasmus! The hard work has truly paid off.

Con Spirito-debatteerders spreek hul sê

Tria-Mari Strydom

Op Vrydag, 12 September 2025, het Witteberg se debatspanne aan die ConSpirito-semi-finaal deelgeneem, wat by Hoërskool Garsfontein in Pretoria plaasgevind het. Van die agt spanne wat deelgeneem het, het sewe vanaf die eerste rondte deurgedring na die semi-finaal — 'n besonderse prestasie.

In die junior afdeling het drie spanne deelgeneem, naamlik Heilene Meintjes en Gerhard Nel, Rigardt Strydom en Lizé Joubert, asook Izandri Strydom en Lené Labuschagne. Twee van hierdie drie spanne het deurgedring na die finale rondte.

In die senior afdeling het vier spanne deelgeneem, waarvan twee spanne na die finale deurgedring het — Zané Wessels en AJ Erasmus, asook Stephan Uys en Tria-Mari Strydom. Die ander twee spanne, bestaande uit Judie Uys en Ané Joubert, asook Jané Janse van Rensburg en Francisca Rheeder, het teen sterk kompetisie te staan gekom en is ongelukkig uitgeskakel.

Die Landsfinaal het op 2 en 3 Oktober by die Voortrekkermonument plaasgevind. In die junior afdeling het albei Witteberg-spanne uitstekend gevaar en 'n plek in die top 6 behaal. Heilene Meintjes en Gerhard Nel het as naaswenners geëindig, terwyl Rigardt Strydom en Lizé Joubert die sesde plek behaal het.

In die senior afdeling het beide spanne hul debatte gewen, maar ongelukkig nie 'n plek in die finale ranglys behaal nie.

Die talle ure se harde werk en toewyding wat hierdie debatspanne ingesit het, het duidelik vrugte afgewerp. Witteberg is trots op elkeen van hierdie leerders!

KULTUUR

WOORDE IS MAGTIGER AS DIE SWAARD

Rigardt Strydom

Die gesproke woord is die aanvalswapen van die redenaar en debatvoerder. Dink twee keer as jy die arena betree teen ons Witteberg-redenaar- en debatspanne!

Die debatteerders en redenaars het in Augustus deelgeneem aan die ATKV Landsfinaal te Goudini in die Kaap. Zané Wessels en AJ Erasmus het Witteberg verteenwoordig as die senior debatspan, terwyl Gerhard Nel, Leonelle van Niekerk en Heilene Meintjies in die junior debatafdeling deelgeneem het.

Zané en AJ het 'n ongelooflike vertoning gelewer teen die uiteindelike landsfinaalwenners, maar moes net net die aftog blaas. Die onderwerp van die debat was: "Die afskaling van gedrukte media in Suid-Afrika is geregverdig." Hulle was teenstaanders in hierdie stryd.

Gerhard Nel, Leonelle van Niekerk en Heilene Meintjies het die asems weggeslaan met hul vernuf, denke en woordkeuses en het as die landsfinaalwenners uit die stryd getree. Hulle onderwerp was: "Weerspieël realiteitsprogramme die werklikheid?" Hulle was voorstaanders van hierdie stelling. Gerhard is aangewys as die beste taalgebruiker.

Leonelle het ook aan die landswye voorbereide redenaarkompetisie deelgeneem en 'n welverdiende dertiende plek in die land behaal. Limay het vyftiende geëindig in dieselfde kompetisie, en Gerhard het ook aan hierdie kompetisie deelgeneem.

Baie geluk aan julle almal wat julle spraak so doeltreffend uitgespreek het!

Eisteddfod Pret!

Lexi Willemse

Augustus is altyd 'n besige maand vir Witteberg se kultuurliefhebbers! Van kuns, dans en drama tot musiek – ons leerders het hulle talente met trots ten toon gestel by die Harrismith Eisteddfod en die Allegretto Interprovinsiale Eisteddfod.

Die Harrismith Eisteddfod het van 11 tot 16 Augustus 2025 plaasgevind, terwyl die Allegretto Eisteddfod oor verskeie rondtes aangebied word – vanaf die streeksuitdunne in Bethlehem, tot by die provinsiale rondtes, en uiteindelik die nasionale gala-glansgeleentheid. Die provinsiale uitdunrondtes het vanjaar in verskeie sentrums regoor Suid-Afrika plaasgevind.

Harrismith Eisteddfod
Die volgende Witteberg-leerders het met uitstekende prestasies gespog:

Visuele Kuns:

Jana Weideman – A+
Mia-Nanke van Heerden – B+
Melandri Bossert – C

Vokaal:

Conrad Venter – (Duet) A++ | Merietetoekenning
Sadee Flanigan – B+

Instrumentaal:

Chanelle Warden – Klavier A×2, B×2 | Viool A+, A | Blokfluit A×2
Elmé Swanepoel – Klavier B+, A×2
Orayvia Esau – Klavier A+, A
Amené de Bruin – Klavier A+, A×2
Nerida de Beer – Klavier A×2, A+

Spraak en Drama:

Lizzy Harris – Monoloog A+++, Poësie A+
Mariné Grobler – Monoloog A, Prosa A++
Melissa van Huyssteen – Monoloog A, Poësie B+
Martyn Oosthuizen – Monoloog A+++ | Merietetoekenning
Rigardt Strydom – Prosa A++, Monoloog A+, Afr. poësie, Eng. prosa en onvoorbereide lees A+++ | Drie merietetoekennings
Kate van Aarde – Poetry A
Johané Pretorius – Poësie B+
Isabelle Koch – Poësie A++, A+ | Prosa A++ | Monoloog A++ | Merietetoekenning

Allegretto Eisteddfod (Provinsiaal)
By die provinsiale rondte van die Allegretto Interprovinsiale Eisteddfod (IPE) het die volgende leerders uitmuntend presteer:

Spraak en Drama:

Lexi Willemse – Redenaars en Prosa: Afdelingwenner | Poësie: Itemwenner | Gedramatiseerde prosa A+ | Monoloog B++ | Prosa A++ | Poetry A++
Emma van Aarde – Monologue A
Melissa van Huyssteen – Monoloog B++ | Gedig A+ | Poetry A+ | Prosa A++
Rigardt Strydom – Monoloog A+ | Poësie A++ | Gedramatiseerde prosa A+ | Redenaars A++ | Spanredenaars A+++ | Onvoorbereide lees A++ | Dramatised prose A++

Dans:

Lexi Willemse – Tap A++ | Ballet A++ | Modern A++

Met hierdie uitstaande uitslae het ons Wittebergers weereens bewys dat hulle gebore is met talent en ’n passie vir die verhoog. Julle se harde werk, toewyding en entoesiasme het helder geskyn – baie geluk aan elke deelnemer!

LANGUAGE AND HERITAGE FESTIVAL

Andisiwe Ngqabukweni

Witteberg High School learners continue to represent the school with pride! Lesedi Mohale, Jemma Shepherd, and Omolemo Lebuso participated in the Language and Heritage Festival in Bloemfontein on 10 and 11 September, making it into the finals.

Omolemo Lebuso and Lesedi Mohale participated in the Grade 8 and 9 Afrikaans EAT Book Review. On day two, they were nominated in the top 5 out of 20 participants, with Lesedi Mohale in 3rd position and Omolemo in 2nd position in the Free State, winning amazing prizes for their outstanding performance.

Jemma Shepherd participated in the Afrikaans EAT Grade 10 and 11 Prepared Speech. She had only one day to prepare and just five minutes to present her speech. Despite these circumstances, Jemma made it to the top 5 the following day, where she had to write and deliver a new speech. She was then nominated 2nd in the Free State, winning a fantastic prize.

Witteberg is proud of these learners for their hard work and outstanding results!

Witteberg se eie akteurs maak hul verskyning voor die skool

Tria-Mari Strydom

Op 25 Augustus 2025 het Witteberg se Tienertoneelspan hul talente voor die skool ten toon gestel. Die saal was propvol nuuskierige leerders wat wou sien waaroor almal vooraf so baie gepraat het — die "grand finale" van die Tienertoneelstukke.

Die aand se program het as volg verloop:

Eerstens was die produksie "Tafel van die Ongewenstes" aan die beurt. 'n Klomp moordenaars het saam aan tafel gesit en hul eie moordverhale met mekaar gedeel. Hierdie produksie het gesorg vir hope spanning en afwagting. In hierdie stuk was Leonelle van Niekerk, Sané Aucamp, Charlize Saaiman en Lienke Coetzee te sien. Praat van grusaam én gevaarlike vroue!

Daarna het Martyn Oosthuizen en Lucian Bernard die gees ligter gemaak met hul vertolking van "Road Trip". Die gehoor het dit uiters snaaks gevind, maar was stomgeslaan deur die skielike draaipunt aan die einde.

Die laaste produksie het die nuutste werke van die Tienertoneelgroep bevat, met al die lede wat betrokke was. Hierdie stuk het die gehoor op hul voete gehad met uitstekende rolverdelings en vertolkings. Die resultaat van ure se oefening agter die skerms het vir ure se pret en vermaak op die verhoog gesorg.

Baie geluk en dankie aan die groep!

Tienertoneel Drowning in Awards

Keryn Woodage

This year's Tienertoneel definitely did not disappoint. With a dynamic crew — both on stage and behind it — these productions took home an incredible number of awards.

If you've ever considered joining Tienertoneel, this is your sign! Under Juffrou Ronel's wing, the dramas have flourished, and the actors' skills have truly brought their characters to life. But let's allow the success to speak for itself, shall we?

Verd(r)ink won:
- 6 Bronze Awards
- 21 Silver Awards
- 25 Gold Awards
- 6 Awards for excellence in various aspects of drama

Tafel van die Ongewenstes won:
- 9 Bronze Awards
- 18 Silver Awards
- 17 Gold Awards
- 4 Special Achievements

Road Trip won:
- 5 Silver Awards
- 10 Gold Awards
- 2 Special Achievements

They make it look so easy — a clear testament to the effort, creativity, and passion every participant poured into this year's performances.

CR SWART VOORTREKKERS MAKING THEIR MARK

Maseeha Sivia

The CR Swart Voortrekkers commando has had a year full of growth, achievement, and exciting new developments.

The group continues to expand, with 23 registered members and 9 officers this year, showing that the Voortrekker spirit is alive and well among young people.

Weekly team gatherings are held every Wednesday from 16:00 to 17:00. These meetings started with fun afternoons organized by Henke and Hanno and often ended with delicious watermelon. Each term concluded with lively get-togethers that brought everyone closer as a team.

One of the highlights of the year was the national recognition achieved by four Grade 12 members: Henke Minnaar, Isabel Botha, Hanno Kotze, and Marshall Landman. This marks the highest number of national awards ever received by the CR Swart commando. Congratulations also go to Derick Bezuidenhout and Vida Strydom, who were selected as the new leaders for next year. They will guide the group into an exciting new chapter, complete with a new logo and flag, another first for the commando.

The Voortrekkers' year was also filled with outdoor adventures and learning experiences. During the March and April holidays, 19 Scouts and 3 Officers attended the provincial camp at Doornkloof, where learners from different grades participated in various activities. Others attended the Winter Camp during June and July, focusing on hunting skills and land game management.

Learners also joined the Seejol Camp in Mossel Bay and the Branders Camp in Durban, gaining valuable knowledge about sea activities and marine life.

Looking ahead, the commando has

even bigger plans for next year, including a special trip to visit the Voortrekker Monument in Pretoria. The group invites all learners to consider joining Die Voortrekkers, a movement where you can be yourself, make new friends, learn valuable life skills, and enjoy adventures that help you grow into a better person.

The CR Swart Voortrekkers are a shining example of teamwork, leadership, and personal development. Their success this year shows how much can be achieved when young people work together, challenge themselves, and live by the values of the Voortrekker spirit.

AKTUEEL

Balle Vlieg; Gees Leef!

Amé Potgieter

Hoërskool Witteberg se jaarlikse Gholfdag het op Vrydag, 18 Oktober 2025 plaasgevind en weer bewys waarom dit een van die hoogtepunte op die skoolkalender is.

Die dag het begin met 'n vol besette golfbaan, waar onderwysers, ouers en leerders saamgekom het om te speel en die geleentheid te ondersteun. Sommige leerders het self as spelers deelgeneem, terwyl ander gehelp het met organisasie, telling hou en koördinasie van die aktiwiteite.

Daar was geen normale skool op daardie dag nie, wat die gemeenskap die kans gegee het om saam te werk en die Witteberg-gees ten volle te beleef. Die Gholfdag het herhaaldelik bewys hoe sport en samewerking hand aan hand gaan.

Alhoewel die amptelike uitslae nog nie bekend gemaak is nie, is dit duidelik dat die dag 'n hoogtepunt vir spelers en ondersteuners van die skool was.

TEIKENS VOL GATE, GONGS WAT VAL!

Jhana Weideman

Skote wat klap is al deel van ons roetine na hierdie opwindende, besige en vol aksie jaar!

Menray Gongskiet

Die jaarlikse gongskiet, aangebied deur die Graad 10-ouerkomitee en ’n hoofborg, het op Saterdag 2 November by die bekende Gary Miller-skietbane plaasgevind. Daar was 22 spanne, verdeel in mans-, dames- en junior-kategorieë, wat almal deelgeneem het aan hierdie dag vol aksie.

Die tipiese Oos-Vrystaatse Augustuswinde het die deelnemers behoorlik beproef, maar die gees en entoesiasme van almal is nie gedemp nie. Die dag was ’n groot sukses en het vir elke deelnemer volop kompetisie, pret en geselligheid gebring.

’n Groot dank aan die borge en donateurs wat hierdie dag moontlik gemaak en ondersteun het!

’n Spesiale geluk aan Mnr. Pieter van Niekerk, wat as die gelukkige wenner weggestap het met ’n Mauser 6.5×55 met ’n Swarovski Z4 4-12×50 teleskoop, ter waarde van R70 000!

GRADE 7 KLASDRAF: A WARM WELCOME TO WITTEBERG

Maseeha Sivia

Witteberg High School proudly welcomed the Grade 7 Class of 2025 with its annual klasdraf, a special event that celebrates the beginning of high school life in true Witteberg style.

The klasdraf took place in the school hall, where Grade 7 learners had the opportunity to meet one another in a relaxed and friendly environment. The event focused on connection, school spirit and helping learners feel part of the Witteberg family from day one. Instead of a formal programme, the atmosphere was casual and welcoming. Learners were able to socialise freely, make new friends and begin adjusting to their new school environment. Music, laughter and conversation filled the space as the excitement of this new chapter began to sink in.

Mr. Hannes Oosthuizen, principal of Witteberg High School, warmly welcomed the group and encouraged them as they step into this new phase of their academic and personal growth.

Each learner received a small welcome pack as a gesture of support, and refreshments were served to make the afternoon even more enjoyable. The event created a positive, lasting first impression of what it means to be a Witteberg learner.

The klasdraf is a cherished tradition at the school. For the Class of 2025, it marked the start of friendships, memories and opportunities still to come.

Welcome, Grade 7s — your journey at Witteberg has officially begun!

FELIZ NAVIDAD HUIS WITTEBERG

Lexi Willemse

Die derde kwartaal het omtrent met ’n knal afgeskop. ’n Baie besige eerste week het op ons elkeen gewag. Vir die matrieks was dit ’n week van laastes.

Een so ’n geleentheid op die jaarkalender was Huis Witteberg se jaarlikse Kersete, wat op 16 Oktober gehou is. Vir die opgewonde graad 8’s was dit ’n eerste Kersete en vir die matrieks ’n laaste. Hoe dit ook al sy, dit was weereens uit die boeke.

Of jy nou oud of jonk is, die versier van ’n Kersboom, liggies wat flikker, kersversierings en die reuk van dennebolle het net die manier om ’n atmosfeer van opwinding en vreugde te skep. Hierdie jaar was geen uitsondering nie — van vroeg af was daar ’n tasbare opgewondenheid in die koshuisgange.

Die “Brakke” is die aand bederf met heerlike kos en het vir oulaas losgegooi op lekker musiek. Daar is gekuier, gelag en gesels, en almal het besef dat jy met hierdie geleenthede kosbare herinneringe bymekaar maak om in die skatkis van jou hart te bêre vir eendag se “onthou jy’s”.

Huis Witteberg is nie sommer net ’n plek nie. Dis ’n tuiste, jou hartsplek, jou familie, jou “happy place”.

My wens vir jou is ’n helder Somerkersfees, en mag 2026 jou asem wegslaan!

KOSHUISHERINNERINGE!

Helene-Mari Spies

Vir ’n koshuiskind is daar net twee dinge waarna jy uitsien: die naweek en die koshuis social. Hierdie jaar s’n het weereens nie teleurgestel nie.

Die masquerade-baltema het een van Witteberg se grootste tradisies ’n werklike treffer gemaak. Meisies in formele rokke en seuns met strikdasse het 2025 se koshuis social ’n onvergeetlike belewenis gemaak.

Dit was ’n aand van koningklikheid — ’n aand uit ’n Hollywood-fliek. Maskers en kleure van goud en swart het die saal oorheers, met swart tafeldoeke en asemrowende flasse. ’n Gesellige atmosfeer is deur liggies en kerse op die tafels geskep.

Die aand het afgeskop met die huiskomitee wat die dansvloer met ’n elegante dans op die bekende liedjie van Lana Del Rey, “Young and Beautiful”, geopen het. Die graad 11 HUK het vir groot vermaak gesorg deur ’n Oskar aan elke matriek te oorhandig.

Die ete was smaaklik, met ’n aartappelgereg, vars gemengde slaai en smullekker skaaptjoppies. ’n Heerlike nagereg van vanieljeroomys met sjokoladesous het dit perfek afgerond.

Die aand was beslis een vir die boeke — vol lag, dans en onvergeetlike oomblikke. Die koshuis social het gewys hoe sterk die gees van samehorigheid in ons huis weg van die huis is. Van die vrolike musiek tot die blink glimlagte op elke foto, was dit duidelik: hierdie was nie net ’n social nie, maar ’n herinnering wat nog lank gaan bly leef.

’N MARK UIT FANTASIELAND

Helene-Mari Spies

Op 31 Oktober en 1 November 2025 was dit weer tyd vir Witteberg se Kunsmark. Die Indoor is opgetower in blou en wit, en man en muis het gereed gestaan om die kopers en gaste te verwelkom.

Daar was alles wat jou hart begeer — van heerlike eet- en drinkgoed tot kunsgoed van wol en leer, perfek gemaak deur vaardige hande.

Die reuk van vars gebakte pannekoek wat elke mond laat water, en die geur van gebraaide boerewors het die lug gevul, terwyl die deuntjie van ’n bekende Theuns Jordaan-liedjie ’n regte mark-atmosfeer geskep het. Die rooi tapyt is uitgerol en die deure is oopgemaak om oud en jonk te verwelkom.

Daar was ook aktiwiteite vir liefdadigheid: die SPCA het verskeie teddiebere verkoop as ’n fondsinsamelingsprojek, en die SANBS was daar vir diegene wat bloed wou skenk.

Koekies, neute, gedroogde vrugte, heuning, geskenke — alles wat jou hart begeer was tussen vier mure vasgevang. Dit was enige “shopaholic” se droom.

Daar is saam gekuier, lekker geëet en gelag tussen oefensessies (not for the faint-hearted) en klein lyfies wat ons vermaak het met hul passies.

Soos gewoonlik het Witteberg se jaarlikse Kunsmark weer iets vir elkeen se smaak gehad, en ons sien uit na die volgende een.

LANDBOU Farmskills

Lucille Snyman

Die landbouleerders van Witteberg het weereens die voorreg gehad om hul kennis en vaardighede te toets by die jaarlikse Farmskills-landboukompetisie in Kroonstad. Leerders van regoor die Vrystaat het van 24 tot 27 September teen mekaar gekompeteer, en ons leerders het hul talent beslis bewys.

Leerders het aan die volgende afdelings deelgeneem:

Cobus van Pletzen – Tractor Fault Finding
Ean Scheepers en Ewan Nieuwoudt – Trekkery en Hindernisbaan
Buks Davel, Zano de Beer en Jacques Bester – Draadspan
Zandri Smith en Keryn Coetzer – Bulseleksie
ML Pierce – Trekkerploeg
Christiaan van Niekerk – Farming Simulator
Ruan Pieterse en Jacques Jordaan – Ram- en ooi-seleksie (3de plek)
Kyle Nel, Renier de Villiers en Tyren Smith – Boxcar Construction

Baie geluk aan elke leerder vir hul harde werk en indrukwekkende prestasies!

LANDBOUPRAKTIES BY LIBERHOF

Lucille Snyman

Op 2 September het die graad 11-landbouleerders 'n waardevolle dag by Liberhof Brangus Stoet ervaar. Hulle het die praktiese kant van die werk wat hulle in klasse leer, gesien en beleef.

Mnr André van der Merwe het die leerders meer geleer oor genetika en die belangrikheid van goeie eienskappe vir seleksie. Dr. Christiaan de Jong het verduidelik oor siektes en kunsmatige inseminasie, insluitend 'n praktiese demonstrasie van saadonttrekking.

Baie dankie aan almal wat hierdie dag 'n ongelooflike leerervaring vir die leerders moontlik gemaak het!

LANDBOUKURSUS

Lucille Snyman

Witteberg se graad 11-leerders het op 7 en 8 Augustus 'n besproeiingskursus bygewoon. Hierdie kursus is aangebied deur mnr. Felix Reiders van die Suid-Afrikaanse Besproeiingsinstituut (SABI). Sonder hulle samewerking sou hierdie waardevolle geleentheid nie moontlik gewees het nie.

Die graad 11-landbouleerders het baie geleer en selfs 'n toets geskryf om 'n amptelike SABI-sertifikaat te ontvang. Hulle het alles behandel — van spilpunte tot drupbesproeiing — en ook hoe om die besproeiingstelsel in die tonnel toe te pas.
Met 'n praktiese aktiwiteit en toets in ons landboutonnel het die leerders beslis hul kennis verdiep!
Baie dankie aan SABI en mnr. Reiders wat hierdie leerervaring vir ons moontlik gemaak het.

XANELLE SE DROME SKIET HOËR

Amé Potgieter

Xanelle Heins, 15 jaar oud en graad 9-leerder aan Hoërskool Witteberg, is een van die 30 uitblinkende deelnemers wat in die Suid-Afrikaanse realiteits-reeks Maak My ’n Miljoenêr 2025 gekies is. Sy het onlangs haar eerste groot uitdaging, die Brandbank-sessie, suksesvol voltooi – ’n rondte waarin deelnemers se besigheidsvaardighede, kreatiwiteit en strategiese denke streng getoets word.

Tydens die Brandbank moes leerders hul besigheidsplanne aan ’n paneel van beoordelaars voorlê en verduidelik hoe hulle hul ondernemings wil laat groei.

Xanelle se deelname het haar as een van die sterkste deelnemers in die top 30 gevestig.

Die program, onder leiding van entrepreneur Albert van Wyk, het ten doel om jong Suid-Afrikaners te inspireer om hul entrepreneursvaardighede te ontwikkel en finansiële onafhanklikheid na te streef. Die top 30 deelnemers sal in die komende maande meeding om plekke in die Top 20, en uiteindelik kans staan om mentorskap en finansiële ondersteuning vir hul besighede te verkry.
.

MATRIKULANT VAN DIE JAAR

Helene-Mari Spies

'n Witteberg leerder en ons hoofmeisie, Jané de Villiers, het ingesryf vir 2025 se matrikulant van die jaar kompetisie van die Universiteit van die Vrystaat. Uit meer as 60 inskrywings is Jané as een van die 14 finaliste gekies.

Hierdie 14 finaliste is uitgenooi vir die eindrondte van die kompetisie wat van13 tot 15 Oktober by Monte Bello-landgoed naby Bloemfontein plaas gevind het.

Die finaliste het in hierdie rondte vir onderhoude, met 'n paneel van agt beoordeelaars, gegaan om die wenner te kies. Hulle het pryse van borge asook beurse vanaf die universiteit ontvang.

Tydens hierdie paar dae van onderhoude en groot kompetisie het die finaliste ook die kans gekry om met 2024 se finaliste en wenner, bekend as die "chaperones" kennis te maak. Dit het hulle 'n goeie geleentheid gegee om meer oor die lewe as 'n Kovsie-student en wat als in die nuwe jaar voorlê te leer.

Die aand van die 14de Oktober was natuurlik die groot gala-aand. 'n Formele geleentheid het gesorg vir groot afwagting toe die wenners van verskeie kategorieë afgekondig is. Die algehele wenner asook die wenner van die beste sport prestasies. Die finaliste kon ook gestem het vir die wenner van persoonlikheid.

Jané vertel dat hierdie geleentheid tot onverwagse en nuwe vriendskappe gelei het. Sy beskryf dit as: " 'n Lewensveranderende ervaring wat baie verrykend was en baie tot my menswees toe gevoeg het." Jané is ‘n voorbeeld en inspirasie vir elke kind in Witteberg matriekafskeid.

Die matriekafskeid is ’n fassinerende geleentheid vol sjarme, skatterlag en natuurlik ’n paar soene… So stof jou kis-pak af, poets jou dansskoene, en maak soos Joubert—hy weet iemand wat lekker kan dans is ’n wenresep vir ’n onvergeetlike aand!

WISH UPON A STAR

MATRIEKAFSKEID

Petroné Goosen

Vrydag, 3 Oktober 2025, het Witteberg se matriekgroep hul laaste groot skoolgeleentheid in ware styl gevier — die glansryke “Wish Upon a Star” matriekafskeid!

Hierdie betowerende aand het plaasgevind in die skool se Indoorsportsentrum. Wie sou ooit kon dink dat ons Indoor omtower kon word in ’n flikkerende sterrehemel?

Die aand het afgeskop met die mode-parade, aangebied deur die Graad 10-groep in Huis Witteberg se eetkamer. Die matrikulante het elegant die rooi tapyt afgestap en hul pragtige rokke en pakke ten toon gestel. Die jong dames het gestraal soos ware sterre in hul skitterende rokke, terwyl die jong mans, in stylvolle pakke en met glansende glimlagte, almal se aandag getrek het. Te midde van daverende applous het elke paartjie hul spesiale oomblik geniet, en die atmosfeer was vol opgewondenheid en vreugde.

Uiteindelik is die eregaste verwelkom en hul sitplekke aangewys. Duisende liggies het soos sterre teen die dak geskitter, en die tafels is met middernagblou en goue detail versier om die tema perfek vas te vang. Dit was duidelik dat die Graad 11-groep met groot sorg en aandag aan detail die aand beplan het. Met flinke diens deur die
Graad 11-kelners is ’n heerlike warm ete aan die gaste bedien.

Die aand was gevul met lag, musiek, dans en onvergeetlike herinneringe. Tussen die dans en gesels het die matrikulante die kans gehad om hul hoërskoolreis te reflekteer en hul blywende vriendskappe te koester.

Aan die Graad 11-ouergroep en al die personeel wat gehelp het om hierdie aand moontlik te maak — baie dankie vir julle ongelooflike toewyding en kreatiwiteit. Julle het die “Wish Upon a Star”-droom werklikheid gemaak!

Aan die Klas van 2025: Mag hierdie aand altyd in julle harte bly leef. Mag julle altyd onthou dat, wanneer julle na die sterre kyk, julle drome nooit te ver is om te bereik nie.

Witteberg se sterre van 2025 se toekoms is blink!

ALMAL BUIG VOOR WITTEBERG SE KONINKLIKES

Hylet Ungerer

Die Mnr. en Mej. Witteberg was ’n groot sukses! Dit het honderde mense met trane en ’n glimlag gelos. Almal was beeldskoon, maar daar kan net een wenner wees vir die #1-skool van Bethlehem!

“Ek het dit geniet,” sê ons Meneer Witteberg van 2025, Nolan Orsmond. “Dit was baie opwindend. My hoogtepunt was toe ek gekroon is as die wenner. Ek het glad nie verwag dat ek die wenner sou wees nie, so dit was baie onverwags, en ek het gedink dat Cobus of Stephan sou wen. In my opinie het almal baie goed en mooi gelyk. My gunsteling liedjie wat gespeel het, was “Young, Dumb and Broke”. Ek sou dit nie weer doen nie, want dit was baie stresvol.”

“Alhoewel dit baie stresvol was,” sê Mejuffrou Witteberg van 2025, Juané Loubser, “het ek dit baie geniet. Vir my was die hoogtepunt toe ek al die uitrustings gemaak het en my kreatiwiteit kon uitbeeld. Dit was ook baie lekker toe ek daardie aand almal in hul klere en rokke kon sien. Ek het glad nie verwag dat ek sou wen nie, want almal het regtig baie mooi, kreatief en soos wenners gelyk. Dit was baie moeilik om te sê wie sou wen, so mooi het almal gelyk. My gunsteling liedjies daardie aand was “Dearfuture husband” en “Blommekind”, omdat ek self ’n blommekind is. Ek sal dit definitief weer doen. Dit bring jou kreatiwiteit uit en laat jou uit jou gemaksone tree.”

Ek kan met selfvertroue sê dat hierdie jaar se Mnr. en Mej. Witteberg iets is wat generasies sal onthou!

Ons Witteberg-familie brei uit!

Lexi Willemse

Gereed vir nuwe bloubloed-avonture het ’n paar vars gesigte onlangs by die Witteberg-familie aangesluit. Die nuwe onderwysers, mnr. Robert Bosch, me. Lizaan Pienaar en me. Inge du Toit, is die afgelope paar maande met trots en groot opgewondenheid by ons skool verwelkom.

In ’n kort tyd het hierdie nuwe onnies reeds diep spore getrap in die harte van leerders, personeel en die gemeenskap. By Witteberg sit niemand stil nie – ons nuwe personeel het vinnig ingeskakel en hulle merk gelaat by verskeie aktiwiteite, van onderrig en sport tot kultuur en skoolgees.

Ons as Wittebergers wens vir hierdie onderwysers baie sukses, geluk en onvergeetlike herinneringe toe as deel van ons skoolgemeenskap.

Eenmaal ’n Witteberger, altyd ’n Witteberger!

NUWE LEIERS!

Elmé Swanepoel

Ons as skool is baie trots om die nuwe HK, UK, HUK en SR vir 2026 aan te kondig. Dit is 'n uitstekende groep leerders wat die skool volgende jaar met trots en respek sal lei.

Ons HUK en HK is as volg:
Primaria: Anchen Heyns
Primarius: Jacques Bester

HK Dogters: Petroné Goosen; Paula Rheeder; Janri Posthumus; Lucille Snyman; Annoù Yiangou; Sumari Eksteen; Janelle Theron; Cari Smit; Sané Aucamp.

HK Seuns: Zanu de Beer; M.L. Pierce; Nic Claasen; Buks Davel; Wikus Lombard; Giann Prins; Christiaan van Niekerk; Cobus van Pletzen; Stephan Uys.

HUK: Hanzelle Hattingh; Zanri Marais; Janco Jooste; H.J. Eksteen; Anja Taljaard; Inneke Fourie; Eduan Fourie; Heinrich Stemmett; Rhoné Naudé; Judie Uys; Wessel Campher; A.J. Erasmus.

Ons SR en UK is as volg:
Hoofdogter: Sumari Eksteen
Hoofseun: Cobus Labuschagne

SR Dogters: Martinique Grobler; Leané Fourie; Anchen Heyns; Juané Loubser; Arné Maritz; Nicke Mienie; Carol Matholo; Janri Posthumus; Dorette Smit; Cari Smit; Tria-Mari Strydom; Janelle Theron; Annoù Yiangou; Mia van der Merwe; Zané Wessels.

SR Seuns: Jacques Bester; Nolan Orsmond; Buks Davel; Aeden du Plessis; Jacques Jordaan; Ruan Lombaard; Olerato Mosima; Ruben Myburgh; Evan Nieuwoudt; Milah Oerson; Ruan Pieterse; Giann Prins; Ean Scheepers; Cobus van Pletzen; Stephan Uys.

UK Dogters: Heilene Meintjies; Carla Viljoen; Inneke Fourie; Anja Taljaard; Jemma Orsmond; Ané Botha; Cara de Beer; Kara du Toit; Charlize Saaiman.

UK Seuns: H.J. Eksteen; Rigardt Strydom; Henri Muller; Gerhard Nel; Pieter Wessels; Janco Botha; Wessel Campher; Zander Fourie; (vervanging vir Vleis nog onbekend).

Primarius: Jacques Bester

Primaria: Anchen Heyns

Hoofseun: Cobus Labuschagne

Hoofdogter: Sumari Eksteen

A Heartfelt Farewell to Miss Kathryn Labuschagne

Witteberg bids a warm and emotional farewell to Miss Kathryn Labuschagne, a gentle soul whose kindness, dedication and compassion have left an unforgettable mark on our school community.

Miss Labuschagne is known for her soft-hearted nature and the genuine care she showed to every learner who crossed her path. She always put the children first, going above and beyond to support, encourage and uplift them. Her classroom was a place where learners felt safe, valued and inspired.

As an outstanding teacher of English and Visual Arts, she brought creativity, clarity and passion into every lesson. Her love for her subjects shone through in her teaching, and her learners adored her for it. She had a special way of making each child feel seen and capable, and her influence will be remembered for years to come.

Although it is difficult to say goodbye, we are incredibly proud of her as she spreads her wings and steps into a new chapter. We know that her talent, kindness and dedication will continue to touch many more lives wherever she goes.

We wish Miss Labuschagne every success, joy and blessing on her journey ahead. Thank you for everything — you will be deeply missed.

Wittebergers blink uit by Olimpíades

Jhana Weideman

Fisiese Wetenskap Olimpiade

Leerders van Hoërskool Witteberg het aan die Vrystaat Fisiese Wetenskap Olimpiade deelgeneem en die Fisiese Wetenskap Konvensie in Potchefstroom van 18 tot 19 Augustus 2025 bygewoon, waar die finale prysuitdeling plaasgevind het.

• Graad 10
Tshepo Mapeshoane, Bohlokwa Phali en Trystan van Eyk het onder die Top 50 geëindig, met Trystan wat 'n uitstekende tweede plek in die Vrystaat behaal het.

• Graad 11
Cobus Labuschagne en Tria-Mari Strydom het onder die Top 30 geëindig, met Tria-Mari wat 'n sesde plek behaal het.

• Graad 12
Keryn Woodage het bo die ander deelnemers uitgestaan en 'n tweede plek behaal.

Harde werk word werklik beloon!

Wiskunde Olimpiade

Op 2 September 2025 het verskeie leerders aan die distriksronde van die Vrystaatse Departementele Wiskundekompetisie deelgeneem. Tien leerders het onder die Top 3 geëindig en het deurgedring na die provinsiale ronde.

Graad 8:
1ste plek: Lené Labuschagne
2de plek: Ese Akeke
3de plek: Isabel van Deventer

Graad 9:
1ste plek: Zanike van Zyl
2de plek: Henri Muller
3de plek: Sonelle Jonker

Graad 10:
1ste plek: Janco Botha
2de plek: Trystan van Eyk

Graad 11:
1ste plek: Cobus Labuschagne
2de plek: Ebe Akeke

By die provinsiale ronde in Bloemfontein van 17 tot 18 Oktober, het Trystan van Eyk voortgegaan om uit te blink en 'n derde plek behaal.

NW Olimpiade
Drie graad 9-leerders het die jaar aan die NW Olimpiade deelgeneem. Danie Muller, Wenziwe Maphalala en Doreen Naudé het uitstekend gevaar en 'n vierde plek in die TMED-distrikskompetisie behaal.

EYES ON THE PRIZE

Keryn Woodage

Who doesn't like awards? Well, Witteberg certainly does, as is evident in the splendor and elegance of Prizegiving every year. Prizegiving always showcases Witteberg's mindset when it comes to learners' achievements and truly demonstrates our motto in action.

Every child is a masterpiece, and Witteberg wants to celebrate each and every achievement — from a distinction in LO to qualifying for Nationals. As you can imagine, given how hard Witteberg works to push all of us to reach our full potential, these celebrations often stretch well into the evening. One particularly exciting part of the evening is the special awards.

Here are the awards and winners from Witteberg's 2025 Prizegiving:

Academic and Culture Awards:

- The Lourens Kriel Trophy (1st Valedictorian): Jané de Villiers
- The Lourens Kriel Trophy (2nd Valedictorian): Hugh Enslin
- Most Versatile Senior Culture Girl: Henke Minnaar
- Most Versatile Senior Culture Boy: Martyn Oosthuysen
- Most Versatile Junior Culture Girl: Leonelle van Niekerk
- Most Versatile Junior Culture Boy: Gerhard Nel
- Junior Culture Girl of the Year: Heilene Meintjies
- Junior Culture Boy of the Year: Gerhard Nel
- Senior Culture Boy of the Year (Kobus Hugo Trophy): Martyn Oosthuysen
- Senior Culture Girl of the Year (Kobus Hugo Trophy): Henke Minnaar
- Most Versatile Boy (Johan Lingenfelder Trophy): Cobus Labuschagne
- Most Versatile Girl (Lavinia Schabort Trophy): Jané de Villiers

Sports Awards:

- Junior Sportsman of the Year: Anru Erasmus
- Junior Sportswoman of the Year: Lize Joubert
- Most Versatile Sportsman of the Year (Frans Henry van der Merwe Trophy): Ewan Nieuwoudt
- Most Versatile Sportswoman of the Year (Alwyn Kruger Trophy): Amy Kotzé
- Senior Sportsman of the Year (Lou Odendaal Trophy): Gerhard Bossert
- Senior Sportswoman of the Year (Joe Malherbe Trophy): Amy Kotzé
- Extracurricular and Leadership Awards: Most Extracurricular Achievements (Okkie Botha Trophy): Leozé Lottering
- Coenie Venter Ambassador Trophy: Pieter Nel
- Gr. 8 Sport Ambassador (Michelle van Biljon Trophy): H.J. Eksteen
- Mike Gillam Trophy: Donay Williams
- Meritoriousness (Gideon & Esther Knobel Trophy): Pieter Nel
- Meritoriousness (Rita Oberholzer Trophy): Cara Cilliers
- Matriculant of the Year: Jané de Villiers
- Leadership Trophy: Jané de Villiers
- Gr. 8 Most Versatile Girl: Heilene Meintjies
- Gr. 8 Most Versatile Boy: Rigardt Strydom
- Top Award for Sport Extracurricular Achievements: Inge van Heerden

Speeches

Geagte Mnr. Oosthuizen, Mnr. Venter, Eregaste, personeel, dames en here, en my mede-Wittebergers

Walt Whitman once said: "Keep your face always towards the sunshine, and shadows will fall behind you." Die afgelope vyf jaar van hoërskool was gevul met uitdagings, opoffering, harde werk — en soms mislukkings. Maar te midde van dit alles, het ons oorwinnings gevier, guns ervaar, gegroei en bo alles, onbeskryflike genade beleef.

Vandag kan ek werklik sê: wanneer 'n mens jou aangesig na die Lig van die Here rig, val die wêreld en sy uitdagings agter jou. Van kindsbeen af het ek vir myself twee lewensbeginsels gestel — beginsels wat my daagliks rig:

Firstly: Do what you love and love what you do.
And Secondly: Whatever you do, do it all for the glory of God.

Vanaand wil ek eerstens al die lof en die eer aan ons Hemelse Vader bring. Vir Sy goedheid, guns, genade en seën op Witteberg én op my lewe. Hy is die Skepper en Outeur van elke talent — die Een wat elkeen van ons uniek toegerus het om ons roeping op aarde uit te leef.

Namens al die leerders wil ek ook opregte dank betuig aan Mnr. Oosthuizen en Mnr. Visser. Julle onwrikbare toewyding, leiding en wysheid het ons nie net gevorm nie, maar ons geleer om met karakter te leef en met oortuiging te staan.

Aan ons onderwysers: Dankie vir elke les, elke ekstra klas, vir julle geduld, ondersteuning en opregte omgee. Selfs wanneer julle iets vir die tiende keer moes herhaal — julle het nooit moed opgegee nie. Die impak wat julle op ons lewens het, strek veel verder as net akademie — dit vorm wie ons word. Julle is die helde agter ons suksesse en daarvoor is ons ewig dankbaar.

Aan my ongelooflike ouers en familie — baie dankie vir julle onvoorwaardelike ondersteuning, julle geloof in my, aanmoediging, bederfies , liefde en gebede. Ek besef elke dag watter voorreg dit is om op só 'n sterk fondament te kan bou.

Winston Churchill het gesê: "Success is not final, failure is not fatal: it is the courage to continue that counts." Mag dié woorde ons altyd herinner: ware vasberadenheid beteken nie jy wen altyd nie — dit beteken jy staan altyd weer op. As jy struikel, moenie bly lê nie. As jy twyfel, onthou Wie jou gemaak het. En as jy sukses behaal — onthou vir Wie jy dit doen. Ware sukses lê nie in rangorde of roem nie, maar daarin om jou lig te gebruik om ander se pad te verlig. Dit was 'n voorreg om deel te wees van 'n koninklike skool waar karakter net soveel as prestasie tel.

Ten slotte wil ek sê: Ons tyd hier was nie net 'n voorbereiding vir die toekoms nie — dit was die bou van 'n fondament. 'n Fondament van karakter, geloof en drome. Die wêreld wag op ons, met sy uitdagings én sy moontlikhede. Maar as ons koers hou — met ons oë op die Lig — sal ons nie net vorentoe beweeg nie, maar lig dra vir ander langs die pad.

Mag ons altyd onthou wie ons is, waar ons vandaan kom, en vir Wie ons lewe. Mag Witteberg se nalatenskap voortleef in elke ligdraer wat vanaand hier sit.
Baie dankie.

EYES ON THE PRIZE

DIE WITFLITZ

Speeches

Goeienaand aan almal wat vanaand hier teenwoordig is.

Wat 'n wonderlike jaar vol hoogtepunte was dit vir ons almal nie hier by Witteberg gewees nie. Dit is egter hartseer om so 'n jaar af te sluit met die vertrek van ons wonderlike skoolhoof, MAAR dit is met 'n groot glimlag wat ek kan sê dat dit die enigste laagtepunt van ons skool se jaar is.

Meneer Hannes, Dankie!
Meneer het ons skool van "good" na "great" gelei. Meneer het meer as 16 jaar van u lewe aan hierdie skool opgeoffer en die 5 jaar as hoof was genoeg om ons koers permanent te verander.
Meneer het gewys dat ware leierskap gaan oor mense, oor groei en oor geloof.
Meneer was nie net 'n hoof nie, maar 'n mentor en 'n rolmodel vir ons almal.

Dit is net 'n billike versoek dat Meneer dieselfde hoogtepunte met DF Malan bereik as wat meneer met ons reggekry het.
Ek hoop Meneer en almal van ons hier se toekoms is so blink soos wat die son op Meneer se bles skyn.

Ons toekoms is verseker helder en blink met Meneer Mike volgende jaar aan die stuur. Meneer Mike se legio ondervinding deur die jare word weerspieël deur die talle byname wat aan hom toegeken is. Van Toeka se Ystermuis na die hedendaagse Mighty Mike. Meneer is 'n Yster.
Ons almal sien uit vir volgende jaar saam met Meneer.

To all our teachers, we are extremely blessed with the time and effort you invest into our lives everyday. You are the painters of each child as a masterpiece.

Aan my mede-Studenteraad, my vriende. Ons laaste hoofstuk is om die draai. Vier jaar het in 'n oogwink verbygevlieg. Saam was ons deel van iets besonders. En saam bou ons steeds aan 'n nalatenskap wat jare sal staan.

Gedurende die jaar gaan jy erens onseker voel of twyfel, MAAR ek herinner julle net weer aan Psalm 121, "Ek kyk op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom. My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het."

Ons elkeen staan met die keuse voor ons: Gaan ons terugstaan en ons wonde lek, of gaan ons soos 'n skoenlapper wees wat uit sy kokon uitbars en sy helder blou, rooi en wit kleure uitstraal na die mense en hulle wys dat daar net een skool is.

Jy is net een keer in Matriek. Leer hard, speel hard, wen hard. Maak hierdie jaar onvergeetlik. Kom ons gaan hê die tyd van ons lewens. Saam gaan ons VOORUIT, VOLUIT, VIR ALTYD!

Die Gaansman sê totsiens

Jané Janse van Rensburg

Meneer Cassie Carstens se hoofstuk by Witteberg sluit vanjaar af. Meneer Cassie het 'n goue geleentheid gekry om sy passie vir onderwys in Australië te gaan uitleef. Sy aansteeklike gees en liefde vir pret sal beslis gemis word. Hy laat groot skoene agter wat gevul moet word deur iemand wat die nuwe gees en kreatiewe aktiwiteite sal help aanwakker.

Meneer Cassie was 'n bok vir sport. Hy was altyd 'n helpende hand by elke atletiekbyeenkoms — met sy wit "second skin" en sy rugsak (verseker vol grappies!). Hy het elke kind aangemoedig om aan 'n atletiekitem deel te neem en het as hooforganiseerder van die jaarlikse George-toer 'n belangrike rol gespeel. Tydens dié toer het sowat 60 atlete aan die Kwagga Top 10 in Oudtshoorn deelgeneem. Meneer Cassie het gesorg dat elke dag vol pret en avontuur was, met vermaaklike aktiwiteite wat leerders vir 'n oomblik laat ontsnap het uit hul besige skoolskedules.

Een van sy gewildste skeppings was die Gaans- Spele — van vasvra-aande tot sportitems waar almal kans gekry het om lekker te giggel.

Meneer Cassie se gees sal beslis gemis word tydens volgende geesvang-weke, die George-toer, elke atletiekbyeenkoms en natuurlik op die rugbyveld. Die gange gaan stiller wees, en Meneer Cassie se klas sal weer lig sien. Ons sal elke kreet met trots sing, en elke atleet sal sy alles gee.

Meneer Cassie se unieke woorde en uitdrukkings sal nog lank in ons koppe weerklink — 'n laaste huldeblyk aan die einste Gaansman wat vir altyd deel van Witteberg se storie sal bly.

Graad 8's – Gangsta Party

HELPENDE HANDE IN ONS SKOOL

Rigardt Strydom

Vrydag, die dertigste Augustus 2025, het verskeie VRL-lede by 'n hele aantal inkopiewinkels aan die R10-projek deelgeneem. Dit is al 'n gereelde instelling by ons skool.

Die idee is om R10 aan sekere inkopiegangers by die winkelingange te gee en dan te vra of hulle vir ons spesifieke kruideniersware kan koop. Hierdie kruideniersware het die doel om Witteberg se spens aan te vul, waaruit minderbevoorregte gemeenskappe daagliks ondersteun word.
Alhoewel 'n R10 vandag nie veel kan koop nie, het die inkopiegangers hul harte en beursies oopgemaak en tienvoudig bygedra met geld en kruideniersware. Dit sou egter nie kon gebeur sonder die passievolle pleidooie wat deur die betrokke Witteberg-leerders gelewer is nie.

Dit was 'n wonderlike ervaring vir die deelnemers, en almal het weer besef dat gee baie lekkerder is as om te ontvang! Om werklik 'n verskil te maak, begin by 'n passievolle ingesteldheid – iets waarvan ons leerlinge dosyne het.

Baie dankie aan die VRL-leerlinge wat hiermee gehelp het!

SR-Kamp ontwikkel ware leierskap te midde van spanwerk en sopnat omstandighede

Tria Mari Strydom

Die jaarlikse Witteberg SR-kamp het van 29 September tot 1 Oktober by IMLA Guest Farm naby Clocolan plaasgevind. Hierdie opwindende kamp het ten doel gehad om die leierseienskappe van graad 11-leerders te toets en verder te ontwikkel.

By hul aankoms Maandagoggend is die groep met 'n heuwige donderbui begroet – 'n gepaste begin vir 'n kamp wat deur volharding, samewerking en positiewe ingesteldheid gekenmerk is.

Die weer kon egter nie die entoesiasme demp nie; daar is deeglik beplan vir wat 2026 vir die nuwe SR-span gaan inhou en wat van hulle verwag sal word.

Dinsdagoggend het die leerders 'n bergklim-roete aangepak en die asemrowende uitsigte oor die plaas geniet. Ná die stap moes almal hul mees verslete klere aantrek vir die hindernisbaan – 'n uitdagende en modderige toets van uithouvermoë en spanwerk. Leerders is in twee groepe verdeel en moes saamwerk om mekaar oor rubberbande te help, deur modder te beweeg en oor toue te klim. Die leiereienskappe van elke leerder is duidelik na vore gebring in hierdie taai, maar prettige omstandighede. Meneer Cassie het ook saam deelgeneem en gesorg vir groot geesdrif.

Op die laaste dag van die kamp het die leerders weer 'n bergroete aangepak en uiteindelik by 'n natuurlike glybaan uitgekom – 'n kombinasie van avontuur en durf. Almal het dit aangedurf en groot pret gehad.

Te midde van al die aktiwiteite het die SR-lede mekaar werklik beter leer ken. Daar is gelag, vriendskappe gesmee en planne beraam om Witteberg in 2026 na nuwe hoogtes te lei.

Wat 'n voorreg en onvergeetlike belewenis vir elke deelnemer!

Top 10 Academics (Term 2 &3)

Andisiwe Ngqabukweni

The following learners have demonstrated great hard work and dedication and were honoured as the **Top 10 Academic Achievers 2025.**

Grade 8 Top 10:
Zanri Marias – 94.98%
Righardt Strydom – 94.47%
Amé Potgieter – 94.13%
Isabel van Deventer – 94.20%
Heilene Meintjes – 94.17%
Lené Labuschagne – 93.89%
Lia de Boer – 93.28%
Anabelle Bezuidenhout – 92.86%
Lexi Willemse – 92.78%
Minka van der Merwe – 92.86%

Grade 9 Top 10:
Sonelle Jonker – 93.53%
Wenziwe Maphalala – 91.03%
Zanike van Zyl – 90.80%
Yovanka Malan – 90.53%
Elmé Swanepoel – 90.53%
Jhana Weideman – 90.36%
Doreen Naudé – 90.30%
Oskar Busch – 90.22%
Gerhard Nel – 89.72%
Annabelle Grobbelaar – 89.28%

Grade 10 Top 10:
AJ Erasmus – 92.83%
Trystan Van Eyk – 92.08%
Ane Joubert – 91.08%
Wessel Campher – 89.33%
Lanri Labuschagne – 89.12%
Carla Louw – 88.04%
Janco Botha – 87.83%
Francisca Rheeder – 87.58%
Helene-Mari Spies – 87.00%
Linique Human – 86.33%

Grade 11 Top 10:
Tria-Mari Strydom – 93.42%
Sané Aucamp – 90.71%
Stephan Uys – 90.46%
Ebose Akeke – 89.42%
Nicke Mienie – 89.08%
Zané Wessels – 89.04%
Maseeha Sivai – 87.67%
Sumari Esteen – 86.08%
Petrone Goosen – 86.04%
Cobus Labuschagne – 85.75%

Grade 12 Top 10:
Jané De Villiers – 94.47%
Hugh Enslin – 92.63%
Keryn Woodage – 91.47%
Amy Kotzé – 90.23%
Corné du Plooy – 87.97%
Like Bernard – 87.80%
Abbygail Timm – 85.13%
Heleen Van Pletzen – 84.30%
Illne Myburgh – 83.30%
Saskia Brecher – 82.77%

SPORT

ATLETIEKTOER

SAND, SON EN SUKSES VIR WITTEBERG SE ATLETE!

Elmé Swanepoel

Woensdag, 16 Oktober, het die Georgetoer-atletiekspan net na 18:00 vanaf die koshuis vertrek.

Hulle het vroeg die volgende oggend in Haroldsbaai aangekom, waar hulle lekker in die sand gespeel en in die see geswem het. Daar op die strand het die beroemde "Misfits" die volleybalwedstryde gewen en hulle plek op die toer bewys!

Vrydagoggend was almal weer op die strand, waar die massa-boeresportkompetisie gehou is. Daardie selfde dag het die hamergooi- en paalspringatlete solank aan hul items deelgeneem by die atletiekbyeenkoms, waar hulle die ander skole gereed gemaak het vir die groot, blou massa.
Saterdagoggend het die span baie vroeg op die bus geklim en Oudtshoorn toe gery, sodat die res ook aan hul atletiekitems kon deelneem. Daar is aan byna elke item deelgeneem, en 'n paar medaljes is huis toe gebring — bewys dat ons ook kan!

Saterdagaand het Witteberg hul massa-aflos gehad, waar al die grade teen mekaar gehardloop het om te sien wie die beste was. Dit was die graad 9's wat die wen gesteel het, nadat hulle verlede jaar ook gewen het.
Sondag het hulle laat teruggekom in Bethlehem na 'n lang, maar lekker naweek vol opwinding, entoesiasme en oorwinnings.

Die Georgetoer is nie net 'n toer nie — díé is die toer. Die beste een van die jaar, waar atlete van ons skool saam met ons geliefde mnr. Cassie op 'n avontuur gaan en hul merk los op ander skole se gronde.

NWU-Atletiekbyeenkoms

Jané Janse van Rensburg

Vir die afskop van die nuwe atletiekseisoen, en as voorbereiding vir die 2026-seisoen, het 'n groot groep van Witteberg se atlete deelgeneem aan die NWU-Atletiekbyeenkoms. Hierdie byeenkoms het van 22 tot 24 September in die McArthur-stadion in Potchefstroom plaasgevind.

'n Indrukwekkende 76 skole van regoor Suid-Afrika het aan hierdie prestige-byeenkoms deelgeneem, wat as een van die top skole-atletiekgeleenthede in die land beskou word. Die skole is verdeel in drie afdelings – A, B en C. Witteberg het in die C-afdeling meegeding en 'n uitstekende derde plek behaal uit 'n totaal van 27 skole – 'n prestasie waarop elke atleet en afrigter trots kan wees.

Verskeie uitstaande individuele vertonings het bygedra tot die span se sukses. Ruhan Cilliers het 'n tweede plek behaal in die onder-14-hindernis, terwyl Mohamed Masejane met groot vasberadenheid 'n silwerposisie behaal het in die 110 m-hekkies vir onder-19.

Elke atleet het hul alles gegee, met die wete dat die harde werk en toewyding wat nou ingesit word, volgende jaar vrugte sal afwerp – met medaljes by die Vrystaat- en Suid-Afrikaanse skolekampioenskappe as die uiteindelike doelwit.

Witteberg se deelname aan hierdie byeenkoms is nie net 'n bewys van hul talent nie, maar ook van hul gees van deursettingsvermoë, spanwerk en sportmanskap. Die skool sien met groot opgewondenheid uit na wat die 2026-seisoen inhou.

DANSERS VLIEG OOR DIE VERHOOG!

Amé Potgieter

Twee talentvolle dansers van Hoërskool Witteberg, Liyah-Mae Mynhardt (14) en Mikayla Rood (15), het onlangs hul vaardighede by die SACWD South African Championships ten toon gestel en, soos dit voel, oor die verhoog gevlieg.

In die onder-14/15 couples-afdeling het die meisies saam 'n couples-dans uitgevoer, waar elke treë ritme, samewerking en styl getoon het. Liyah-Mae het vier eerste plekke en twee tweede plekke verower, terwyl Mikayla 'n vierde plek behaal het. Hul prestasie het die beoordelaars duidelik beïndruk en die gehoor laat opkik van bewondering.

Die kompetisie sluit danse soos Two Step, Wals, Cha-cha en Nightclub Two Step in, en vereis tegniese presisie sowel as passievolle uitvoering. Dat Liyah-Mae en Mikayla nie net individueel nie, maar ook saam so goed gedans het, wys hul talent en harde werk.

Hierdie uitsonderlike prestasie bring trots vir Hoërskool Witteberg, wat talentvolle jong dansers koester en ondersteun. Die meisies se toewyding bewys dat met oefening, deursettingsvermoë en samewerking, elke treë kan laat voel asof dansers regtig oor die vloer vlieg.

FIETSRYERS VLIEG VOORT!

Amé Potgieter

Van 4 tot 6 Julie is die eerste 'Karkloof Youth Festival' by die Absa Karkloof Country Club aangebied. Hierdie eerste van sy soort byeenkoms het gesorg dat jong fietsryers aan verskillende afdelings van bergfietsry deelneem deur middel van praatjies, vaardigheidssessies en praktiese ry-ervarings.

Ongeveer 17 Vrystaat-ryers het ons provinsie by die nasionale byeenkoms verteenwoordig. Onder hulle was Pedri Grobler, Kyle Meyer en Waldo Burgers – trotse Wittebergers wat hul Vrystaat-konfederasieklere met waardigheid gedra het.

Oor 'n tydperk van drie dae het ons verteenwoordigers aan verskeie aktiwiteite soos pretritte, kortbaanwedrenne, maraton-vaardigheidsoefeninge en die eksklusiewe XCM-maratonwedren vir hoërskooldeelnemers deelgeneem.

Hierdie fietsryers het Hoërskool Witteberg se hart laat swel van trots, en ons wens hulle net voorspoed toe vir die toekoms!

Wiele van Wilskrag!

Rigardt Strydom

Die Suid-Afrikaanse Skole Kampioenskappe bring bloed, sweet en glorie — en Witteberg se fietsryspan het dit ten volle bewys.

Met determinasie en vasberadenheid in elke pedaalslag het die span, bestaande uit Jake Kriel, AW Burgers, Inge van Heerden, Jemma Orsmond, Pedri Grobler, Waldo Burgers, Bronwyn du Preez, Danica Austen, Hendrik Rautenbach en Zaya Ferreira, op 4 en 5 Oktober 2025 deelgeneem aan hierdie opwindende kampioenskappe. Die byeenkoms is in Piet Retief aangebied en het vanjaar weer gewys dat ons fietsryers nie sommer vir 'n uitdaging terugdeins nie.

Die roetes was uiters uitdagend — met steil opdraandes, skerp draaie en modderige paadjies het elke deelnemer behoorlik gesweet. Tog het die Witteberg-span vasgebyt en hul ware karakter getoon. Met 'n indrukwekkende 15de plek uit 114 skole het ons fietsryers bewys dat hulle uithouvermoë en vaardigheid besit wat selfs die speke kan laat sing.

Top 20-prestasies:
Inge van Heerden: 2de plek op dag een, 4de plek op dag twee
Waldo Burgers: 16de plek op dag een, 15de plek op dag twee Pedri Grobler: 14de plek op dag een

Die volgende leerders is ook ingesluit by die Vrystaatse span: Franco van

Heerden, Pedri Grobler, Bronwyn du Preez, Danica Austen, Inge van Heerden, Jemma Orsmond en Zaya Ferreira. Die span het 'n algehele 5de plek behaal uit 9 provinsies en Namibië.

Die dae was vol gees, stof en glimlagte, met ondersteuners wat luidkeels aangemoedig het terwyl die wiele oor die klippe geratel het. Teen die einde van die dag was dit duidelik dat die fietsryers nie net individueel nie, maar ook vir mekaar passievol meegeding het. Medaljes is belangrik, maar dit was die passie vir sport, kameraderie en gees wat die fietsryers emmersvol energie gegee het.

Hierdie wedren was meer as net 'n kompetisie — dit was 'n bewys dat deursettingsvermoë, spanwerk en 'n bietjie modder die perfekte resep is vir 'n ongelooflike fietsrydag.

WITTEBERG CYCLISTS EXCEL ON PROVINCIAL AND NATIONAL LEVEL

Maseeha Sivia

A proud moment for Witteberg!

During the annual Free State Sport Confederation and Schools Awards Ceremony, Witteberg High School was announced as the number one school in the province for both XCO and XCM cycling for 2025. This remarkable achievement highlights the school's dedication to excellence in mountain biking and the hard work of its talented riders.

At the recent SA Schools MTB Championships, Witteberg performed exceptionally well, earning an impressive 15th place out of 126 schools across the country. This strong national result is a testament to the riders' determination, teamwork, and passion for the sport.
Congratulations to all our cyclists and their parents for their incredible support, commitment, and perseverance — you truly make a huge difference!

Adding to this success, several Witteberg cyclists have been selected to represent the Free State Provincial Cycling Team at the Interprovincial Championships held in Piet Retief from 3 to 5 October 2025.

The following learners will wear the provincial colours with pride:

Girls:
Inge van Heerden
Danica Austin
Zaya Ferreira
Jemma Orsmond
Bronwyn du Preez

Boys:
Pedri Grobler
Franco van Heerden
AW Burgers
Jake Kriel
Hendrik Rautenbach
Waldo Burgers

Witteberg is immensely proud of each of these riders who will represent both the school and the Free State with honour. Their achievements reflect the school's growing reputation as a powerhouse in South African school cycling.

Congratulations to all our cyclists. Keep riding hard and flying the Witteberg flag high!

Noord-Vrystaatbeker 2025

Elmé Swanepoel

Baie geluk aan al ons hokkiespanne wat vanjaar aan die Noord-Vrystaatbeker deelgeneem het!
Dit was 'n uitdagende reeks wedstryde, maar elke speler het met trots hul span en skool verteenwoordig.

Die volgende spanne het aan die toernooi deelgeneem:
O/14A Meisies: Het in Kroonstad teen Welkom Gimnasium gewen en gelykop teen Trio gespeel.
O/14A Seuns: Het in Welkom teen Goudveld gewen en teen Trio verloor.
O/16A Seuns: Het in Sasolburg teen Goudveld gewen en teen Trio verloor.
O/19A Seuns: Het in Sasolburg teen Goudveld gewen en teen Sasolburg verloor.

Baie dankie aan elke speler en afrigter vir die harde werk en toewyding wat gewys is deur die seisoen. Ons by die skool is ongelooflik trots op julle – julle het Witteberg met trots verteenwoordig!

BLITZ SPORTS TOURNAMENT

Maseeha Sivai

The annual Blitz Sports Tournament brought together schools from across the region for fast, high-energy matches in 7s Rugby, 6-a-side Hockey, and Fast 5 Netball. The event showcased competition, teamwork, and school pride. Learners from Witteberg High School delivered outstanding performances across all codes.

Rugby 7s
The rugby section featured 7-a-side matches that tested players' speed, fitness, and teamwork. Witteberg entered both under-15 and under-17 teams in the A and B divisions.

• The under-17 A team displayed excellent teamwork and determination, winning the A Division Cup. Their defence was solid, and their attacking play was sharp and confident.

• The under-17 B team also impressed, winning the B Division Shield and demonstrating remarkable skill.

•Witteberg's under-15 teams showed great potential and spirit, gaining valuable experience across both divisions.

6-a-side Hockey

The hockey format demanded fast decision-making, accurate passing, and cohesive teamwork.

•The under-17 boys finished first overall, delivering strong performances throughout. Their passing, control, and goal-scoring ability stood out.

•The under-15 boys team played with heart and focus, securing a well-earned second place.

•The under-15 girls team also finished second, showing promise, coordination, and commitment.

•The under-17 girls demonstrated determination and steady improvement, defending bravely and pushing forward with energy.

Fast 5 Netball

Witteberg's netball players excelled in the Fast 5 format, which features fewer players, faster play, and high-scoring opportunities.

• In the under-15 category, Witteberg achieved first and second place with two strong teams, showing accurate and consistent movement, passing, and shooting.

• In the under-17 division, Witteberg finished first, winning all matches through teamwork, discipline, and confident play.

•The Blitz Sports Tournament provided learners with the opportunity to compete, grow, and represent Witteberg High School with pride. The atmosphere was filled with encouragement, excitement, and mutual respect.

Witteberg High School is proud of every learner who participated. Their results reflect not only sporting talent but also commitment, character, and teamwork.

IPSC

Jhana Weideman

Een van ons graad 9-leerders, Arno Bernard, het op nasionale vlak aan verskeie kompetisies deelgeneem:

•**April:** Gqeberha, 2de "selection match", 5de plek in die Junior Production-kategorie
•**Augustus:** Secunda, 3de "selection match", weer 5de plek in die Junior Production-kategorie

Ons is trots op Arno wat 5de in die land is. Vir 'n junior skut wat nog nie lank skiet nie, is hierdie uitstekende prestasies.

Baie geluk, Arno!

SPORTTOERNOOI

Lucille Snyman

Fast 5, 6-a-side, Sevens — dit is van die sportsoorte waarin Witteberg se spanne gedurende die jaarlikse sporttoernooi deelgeneem het. Skole van regoor die streek het op 5 en 6 September saamgekom om hul sportiewe talente en toewyding op die veld te toon.

Ten spyte van die warm en winderige weersomstandighede het die spelers hul beste gelewer. Met blou Powerade as hul dryfkrag het die spanne puik vertoon en Witteberg se naam met trots hoog gehou.

Uitslae van die toernooi:

Rugby
o/17B – Skildwenners
o/17A – Bekerwenners

Hokkie
o/15 Seuns – 2de plek
o/15 Meisies – 2de plek
o/17 Seuns – 1ste plek

Netbal
o/15 – 1ste plek
o/15B – 2de plek
o/17 – 1ste plek

Hierdie indrukwekkende uitslae getuig van die harde werk, spanpoging en deursettingsvermoë van Witteberg se leerders. Die skool is trots op elke deelnemer wat sy of haar deel bygedra het tot die sukses van hierdie sportnaweek.

SA JAG SPORTSKIET

Jhana Weideman

Nog een van ons graad 9-leerders, Henru Venter, het aan die junior streek sportskiet deelgeneem en indrukwekkende resultate behaal:

Mei: Junior rondslag o/16 in Welkom – 2de plek en sy streeksklere verwerf

Hierdie prestasies wys dat Witteberg se jong skuts en jagters nie net talentvol is nie, maar ook toewyding, fokus en deursettingsvermoë het. Hulle verteenwoordig hul skool en streek met trots en sukses.

Krieket

Die pad na glorie begin in Nederland!

Jhana Weideman

Twee van Witteberg se eerstespan-krieketspelers, Anru Erasmus en Karsten Rhors, het onlangs die ongelooflike voorreg gehad om deel te wees van die Lions Nederland-krieketspan. Ná strawwe kompetisie om 'n plek in die span te verwerf, het hierdie twee talentvolle spelers die geleentheid gekry om hul geliefde sport op internasionale vlak te verteenwoordig.

Gedurende die toernooi het die span teen vier Nederlandse o.19-spanne kragte gemeet – 'n waardevolle ervaring teen van die beste jong spelers in Nederland. Anru Erasmus, tans 'n o.15-speler, het as die jongste lid in die span uitgestaan en groot indruk gemaak. Hy is as die Beste Bouler van die Toernooi aangewys en het in een van die wedstryde met 54 onoorwonne lopies afgesluit.

Karsten Rhors, een van ons matriekleerders, het ook uitstekend gevaar as paaltjiewagter (wicket keeper) en waardevolle bydraes tot die span se sukses gelewer.

Hierdie besonderse prestasies het nie net hul eie harde werk en toewyding beloon nie, maar ook Witteberg se naam met trots op die internasionale verhoog geplaas.

Baie geluk, Anru en Karsten — julle maak ons ongelooflik trots!

KRIEKET

Provinsiaal:
Witteberg spog vanjaar met 14 TBM-krieketspelers. Hul dring ook deur na die Vrystaat proewe.

o/16 Seuns:
Lwazi Mosea, Janco Botha, Xander Fourie, Juan du Toit en Anru Erasmus.

o/19 Seuns:
Dumisani Johnson, Kyle Nel, Mila Oerson en Tian Jordaan.

o/19 Dogters:
Dimpo Ramatlakane, Uhrine Beukes, Lize van den Bergh en Mia Daacke.

o.19 Vrystaat Knights Women:
Leozé Lottering behaal 'n uitsonderlike prestasie en word gekies vir die o.19 Vrystaat Knights Women Krieketspan. Hulle gaan van die 17de tot die 21ste Desember kragte meet teen verskeie van die ander provinsies.

Eerste Dogters:
Witteberg se 1ste Dogters krieketspan het vanjaar waarlik hulle staal gewys. Hulle uitslae is as volg:
Hulle behaal verskeie oorwinnings teen Ficksburg, Paul Erasmus se 1ste en 2de spanne, Ladybrand se 1ste en 2de spanne en dan ook teem Hoërskool Voortrekker se 1ste Dogters.

Hulle dring deur na die semifinale en behaal 'n oorweldigende sege oor HTS Sasolburg met 138 lopies.

In die finaal teen Botshabelo HUB kolf Witteberg eerste en teken 64/7 aan in 20 beurte. 'n Uitsonderlike spanpoging sorg toe dat Botshabelo HUB se kolwers vir net 50 lopies uitgeboul is. Hulle word toe op 2 November 2025 as die SAXX Vrystaat kampioene gekroon en verseker hul plek in die Nasionale Toernooi wat in Februarie 2026 gaan plaasvind.

Eerste Seuns:
Op 17 Oktober 2025 het Witteberg se Eerste Krieketspan kragte gemeet teen Goudveld. Goudveld kolf eerste en teken 'n totaal van 171/3 in 20 boulbeurte aan. Witteberg sit toe daarna die teiken met vasberadenheid agterna en wen die wedstryd oortuigend met 7 paaltjies in net 18 beurte.

Witteberg meet toe hulle kragte teen St. Dominic's in 'n T20 en 50-beurt wedstryd. Tydens die SAXX T20-wedstryd kolf St. Dominic's eerste en word slegs tot 'n totaal van 53/10 in 20 beurte beperk deur Witteberg se boulers. Witteberg tree toe met selfvertroue op en bereik die teiken in slegs 6,5 beurte , met die verlies van een paaltjie. Witteberg wen toe oortuigend met 9 paaltjies en versker hul plek in die SAXX- uitspele in Bloemfontein.

Tydens die 50-Beurt Wedstryd kies Witteberg om eerste te boul en lewer uitstekende werk deur St. Dominic's te beperk tot 154 /10 in 38,5 beurte. Witteberg wys toe karakter tydens hul kolfbeurt en bereik die teiken in 37,2 beurte vir die verlies van sewe paaltjies.

Tweede Krieket:
Die Tweede Krieketspan is vanjaar op 'n welverdiende pad na sukses! Hulle tree as oorwinnaars op teen Ladybrand deur hul met 19 lopies te wen. Hulle wen ook vir Marquard met 152 lopies.

o/15 Krieket;
o.15A:
Witteberg se o.15A Krieketspan wys

hulle staal,maar verloor egter teen Kroon HUB met 28 lopies. Verder in die seisoen speel hulle gelykop teen Jim Fouchè. Hulle verloor toe egter ook teen Welkom Gimnasium.

o.15B:
Die o.15B's het vanjaar uitsonderlike prestasies behaal.

Hulle tree as oorwinnaars op teen Vrede, Ficksburg, Ladybrand, Paul Erasmus en BVHS.
In die finaal teen BVHS op 3 November 2025 wen Witteberg die loot en besluit om eerste te kolf. Hulle teken 'n totaal van 162/7 in 25 beurte aan.

Tydens BVHS se kolfbeurt plaas die boulers konstante druk op kolwers en lewer uitstekende spanwerk deur BVHS vir 119 lopies uit te kolf. Hulle wen toe met 43 lopies!

Hulle tree as oorwinnaars uit die liga uit en hierdie triomf maak geskiedenis as Witteberg se derde Oos-Liga titel vir 2025!

PLAASLIKE LANDLOPERS BLINK UIT OP PROVINSIALE EN NASIONALE VLAK

Rigardt Strydom

Plaaslike atlete het onlangs hul uithouvermoë en deursettingsvermoë bewys tydens die Oos-Vrystaat-, Vrystaat- en Suid-Afrikaanse landloopkampioenskappe. Deelnemers het sterk mededinging in uitdagende omstandighede die hoof gebied en uitstekende uitslae behaal.

By die Oos-Vrystaat-kampioenskap het Ruhan Cilliers 'n uitstekende tweede plek behaal, met Anabelle Bezuidenhout wat derde geëindig het. John-Dré Kotze, Carla Viljoen en Aneldi Bezuidenhout het elk vierde geëindig, terwyl Arabella van Deventer sesde plek behaal het. Gerhard Bossert het sy afdeling in die 8 km Junior Mans met eerste plek uitgesonder.

Tydens die Vrystaatkampioenskap het Ruhan weer met 'n tweede plek uitgeblink. Anabelle Bezuidenhout het negende geëindig, John-Dré Kotze ook negende, Aneldi Bezuidenhout sewentiende, Carla Viljoen twee-en-dertigste, en Arabella van Deventer drie-en-dertigste. Gerhard Bossert het tweede plek in beide die 8 km en 2 km Junior Mans behaal.

By die Suid-Afrikaanse kampioenskappe het Ruhan Cilliers met 26ste plek uitstekend gevaar, gevolg deur Anabelle Bezuidenhout (51ste), John-Dré Kotze (54ste) en Aneldi Bezuidenhout (64ste). Gerhard Bossert het 18de in die 8 km en vierde in die 2 km Junior Mans behaal, en het ook deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse trials vir die U20-span.

Hierdie prestasies wys dat harde werk, vasberadenheid en volgehoue fokus vrugte afwerp. Hierdie jong atlete het hul streek met trots verteenwoordig en sien met opgewondenheid uit na die volgende seisoen.

WITTEBERG SE FAST-5 SPANNE SKITTER IN VRYSTAAT EN SA KAMPIOENSKAPPE

Jané Janse van Rensburg

Netbalballe vlieg, netbaltekkies tref die baan, en medaljes word trots om spelers se nekke gehang. Vanjaar het Witteberg se Fast-5-spanne uitmuntende prestasies gelewer by sowel die Vrystaat- as die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.

Die o.17- en o.15-spanne het hul seisoen afgeskop by die Fast Five Hoop-toernooi in Welkom. Die o.17-span het as kampioene weggestap nadat hulle 'n spanningsvolle eindstryd teen Voortrekker Hoërskool met slegs één doel gewen het. Die o.15A- en o.15B-spanne het beide indrukwekkende tweede plekke behaal en 'n sterk begin vir die seisoen verseker.

Tydens die Fast-5-naweek wat by Witteberg aangebied is, het die Eerste span 'n besonderse tweede plek behaal. Hulle het in 'n naelbyt-eindstryd teen Voortrekker Hoërskool verloor, maar hul gees en trots was onmiskenbaar. Die o.15A- en o.15B-spanne het onderskeidelik eerste en tweede plekke behaal — 'n byna volledige podium van blou en rooi!

By die Thabo Mofutsanyana Fast-5 Uitspele het die o.15A-span weer hul staal gewys met 'n eerste plek, terwyl die o.15B-span tweede geëindig het. Die o.17-span het ook 'n algehele tweede plek behaal. Hierdie puik uitslae het aan al die spanne deelname aan die Vrystaat-kampioenskappe besorg.

By die Vrystaat Fast-5 Kampioenskap, wat op Saterdag 27 September en Dinsdag 30 September plaasgevind het, het Witteberg se spanne voortgebou op hul sukses. Die Eerste span is gekroon as wenners met 'n puik eerste plek, terwyl die o.15A-span 'n uitstekende tweede plek verower het. Die o.15B-span het met trots 'n algehele vierde plek behaal — 'n bewys van hul toewyding en spanwerk.

Tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskap, wat later in die seisoen plaasgevind het, het die o.15A-span elke wedstryd met geesdrif aangepak en 'n noemenswaardige 11de plek behaal teen die land se beste skole.

Die 2025 Fast-5-seisoen was vir Witteberg een van groei, toewyding en trotse prestasie. Die spelers, afrigters en ondersteuners sien met opgewondenheid uit na wat 2026 vir hulle inhou — want met só 'n vasberade groep is die toekoms blink.

PERDRY

Lexi Willemse

Ons eie "Cowgirl" – **Rhoné Naudé**

Witteberg se eie cowgirl, Rhoné Naudé, en haar getroue perd, Perdeberg El-Matar, het op 8 Julie 2025 aan die uitdagende Fauresmith Uithourit deelgeneem.

Die rit strek oor drie dae met 'n totale afstand van 200 km – beslis nie vir die flou van hart nie.

Rhoné vertel dat die moeilikste deel van hierdie sport is om telkens weer op te saal nadat teleurstellende resultate haar dalk ontmoedig het. Tog meen sy dat dit juis hierdie uitdagings is wat haar sterker maak. Met haar dissipline, vasberadenheid en deursettingsvermoë het sy Witteberg met trots verteenwoordig. Sy was een van 149 ruiters uit 283 wat die rit met groot sukses voltooi het.

Sy beskryf die opwindendste oomblik as toe sy in galop by die skougronde inry terwyl "Chariots of Fire" oor die luidsprekers speel. Die beste gevoel van alles, sê sy, was toe sy besef dat dit alles die moeite werd was toe sy oor die wenstreep gaan.

Mienke Munnik
Op 5 Julie het Mienke Munnik aan die SAWMGH-kwalifiseerder deelgeneem, waar sy uitstekend gevaar het en na Juniorvlak 1 opgeskuif het. Sy is as algehele wenner van die kompetisie aangewys.

Die volgende dag, 6 Julie, het Mienke weer haar slag gewys en die titel van algehele wenner van die Juniorvlak 1-kategorie verower.

Welgedaan, Mienke – dit was 'n trotse cowgirl-oomblik. Hou so aan en wys dat harde werk en deursettingsvermoë vrugte afwerp.

Mignon Thomas
Mignon Thomas is gekies om aan die 2025 SAWMGH Gold Nasionale Kampioenskappe deel te neem, wat by die Afridome Skougronde in Parys gehou is.

Sy en haar perd, Hawk King, het op 5 en 6 Julie uitstekend presteer. Op die 5de Julie het Mignon twee eerste plekke en drie tweede plekke behaal, en is as reserwekampioen



aangewys. Die volgende dag het sy nóg beter gevaar met vier eerste plekke en een tweede plek, en die kampioenstitel in Juniorvlak 4 verower. In 'n kompetisie met 71 perde het Mignon 'n indrukwekkende

agtste plek algeheel behaal.

Baie geluk, Mignon – 'n merkwaardige prestasie wat wys dat toewyding en talent hand aan hand loop.

Tentpegging-span
Die volgende leerders het 'n uitmuntende prestasie behaal: Simoné van Reenen, Milah de Jesus, Lila Serfontein en Hardus Henning is ingesluit in die Gauteng Equestrian Tentpegging-span, wat die provinsie tydens die interprovinsiale byeenkoms van Suid-Afrika sal verteenwoordig. Met hierdie prestasie het hulle ook Gauteng-klere ontvang – 'n groot eer en bewys van harde werk en talent. Witteberg is trots op elkeen van julle.

RUGBY

RUGBY IS NIE NET 'N SPORT NIE.

Helene-Mari Spies

Na die oorwinning teen Hoërskool Trio in die Griffons-liga se semifinaal, weet die manne hulle is in staat om baie reg te kry, en hulle het. 'n Senutergende semifinaal teen Hoërskool Upington eindig met 'n uitstekende telling van 50-18 Witteberg het oorwin!

Die pad na die kovsieliga beker is vir die eerste keer in Witteberg se geskiedenis binne hul bereik 13 Augustus 2025- die spanning kan in die lug gevoel word, die rugby veld lê uitgestrek en wag. 46 harte bokspring in afwagtende lywe. Presies om 14:50 skop die grootste wedstryd in Witteberg se geskiedenis af. Diamantveld sit die eerste punte op die bord en die telling is 7-0 binne die eerste 5 minute. Witteberg se manne hou egter nie terug nie en in die 22ste minute plant Tshepo Motloung die bal netjies agter die wit lyn.

Die telling 12-7 in Diamantveld se guns. Witteberg begin 'n moontlikheid van oorwinning sien. Halftyd draf die manne met selfvertroue van die veld af. 'n Vinnige blaaskans en motivering van hul afrigter, meneer Christo van der Nest, gee die spelers 'n nuwe vasberadenheid. Diamantveld vat weereens voor. 'n Telling van 42-45 vir die geel en blou span pronk teen vol tyd. Maar Witteberg is nog nie klaar nie. JC kry die bal, hy trap uit en in. Diamantveld trek hom plat.

Die bal word uitgehaal, nog 'n rak, JC kry weer die bal. Hy is oor die lyn! Die ref se fluitjie blaas skril... dit was opgehou deur Diamantveld. Hulle kry 'n skrum. Die bal word rats en vinnig deur Diamantveld uitgeskop om die wedstryd af te sluit.

"Ons lewe vir rugby" Qlin, Witteberg se heelagter, vertel dat rugby nie net 'n sport is nie. Vir hierdie manne is dit 'n leefstyl. Rugby is 'n trots, 'n liefde.

RUGBY UITSLAE

Lucille Snyman

Dit is weer eens bewys dat Witteberg-seuns kan rugby speel!
Gedurende die onlangse sewes rugbytoernooi het 'n totaal van 38 spanne deelgeneem, en Witteberg se spanne het uiters goed gevaar, met puik vertonings in elke afdeling. Die harde werk en samewerking van die spelers het werklik vrugte afgewerp, en ons kan trots wees op elke deelnemer.

Hier is die wenners per afdeling:
O/15 Rugby:
B-afdeling Skildwenners: Welkom Gim 2
B-afdeling Bekerwenners: BVHS

O/17 Rugby:
B-afdeling Skildwenners: Witteberg 2
B-afdeling Bekerwenners: BVHS
A-afdeling Skildwenners: Trio 1
A-afdeling Bekerwenners: Witteberg

Welgedaan aan al die spelers en afrigters! Julle wys nie net talent nie, maar ook toewyding en spangees wat Witteberg-rugby op die kaart plaas. Hierdie uitslae wys dat ons seuns regtig die spel kan bemeester en dat hulle met trots hul skool verteenwoordig.

SKAAKMEESTERS WYS HUL STAAL OP DIE BORD

Rigardt Strydom

Plaaslike skaakspelers het onlangs hul talent en strategiese denke bewys tydens twee groot toernooie: die Spartan Bishops Championship op 26 Mei in Kimberley en die Vrystaat Closed op 15 en 16 Augustus in Bloemfontein.

In die senior seunsafdeling van die Vrystaat Closed het Sarel van Biljon 'n puik tweede plek behaal met sy kalm en strategiese spel. Hy sal in Desember aan die Mzansi Inter-Provincial Youth Chess Championship in Gqeberha deelneem as deel van die Vrystaat o.18A-span.

By die Spartan Bishops Championship het Hanco Steyn met 'n vyfde plek uitgeblink. Hy het reeds sy plek verseker in die Vrystaat o.16A-span, wat ook in Desember aan die Mzansi Inter-Provincial Youth Chess Championship in Gqeberha gaan deelneem.

Hierdie sterk vertonings wys dat plaaslike spelers nie net oor talent beskik nie, maar ook oor die dryfkrag om hul spel voortdurend te slyp. Die jong meesters se deelname aan die Desember-kampioenskap beloof goeie dinge vir die toekoms van skaak in die Vrystaat.

Witteberg Tennis Teams Shine at Limodo Tournament

Andisiwe Ngqabukweni

On 6 September 2025, Witteberg's tennis teams performed exceptionally well in the Limodo Tennis Tournament, representing the school with pride!

The teams achieved the following results:
- 1st Girls' Team: 7th in the A Division
- 1st Boys' Team: 6th in the A Division
- 2nd Girls' Team: Top 12 in the B Division

These results truly reflect the hard work and dedication these players have shown over the past few months. Congratulations to all the players and coaches — Witteberg is proud of you!

Annika Heymans: Hengel (SAVOF)

Jhana Weideman

Hannika Heymans is op Saterdag, 19 Julie 2025, opgeneem in die Suid-Afrikaanse Varswater Oewerhengelfederasie (SAVOF) se Jong Dames A-span.

Van 4 tot 8 Oktober 2025 het sy aan die SAVOF U/19A Jong Dames-span deelgeneem tydens die jaarlikse Magte Toernooi by die Bloemhofdam Sloep. Hannika vaar uitstekend en eindig 52ste van 88 deelnemers, met 'n totaal van 25 visse wat saam 14,740 kg geweeg het.

Haar span behaal 'n puik vierde plek uit sewe spanne.
Hierdie prestasie is 'n bewys van Hannika se vaardigheid, deursettingsvermoë en toewyding aan die sport.

GHOLF

SWING NA SUKSES

Jané Janse van Rensburg

Gholf is nie net ’n spel nie, dit is ’n les in geduld, fokus en deursettingsvermoë. Span Witteberg het vanjaar vier gholfspanne gehad, waarvan een ’n dogterspan was en drie seunspanne. Die spanne het bestaan uit vier spelers per span met gemengde ouderdomme.

Ons spanne het in Harrismith, Bethlehem en twee keer in Clarens gespeel. Elke span het afgeskop met die dubbels, waar speler een en twee in ’n span was, sowel as drie en vier. Daarna het elke span teen die opponerende skole se dubbelspanne gespeel. Die span wat eerste vyf gaatjies gewen het, het aangegaan na die enkelspel, waar dieselfde reëls gevolg is.

Tydens hierdie liga-uitspele het ons uitstekende prestasies behaal, met drie van die vier spanne wat hul liga gewen het.

Die gholfspelers gaan van 21 tot 25 November na Selborne in Margate vir hulle jaarlikse toer. Tydens hierdie toer geniet die leerders baie pret en spandeer baie tyd op die gholfbaan, waar hulle teen mekaar speel en nuwe tegnieke aanleer vir die 2026-seisoen.

GENIET DIE VAKANSIE!

‘n Geseënde Kersfees en Voorspoed vir 2026